

Agter Elke Man Oudisieteks/Sides

Kies jou karakter en berei die monoloog voor vir die karakter waarvoor jy graag 'n oudisie wil doen. (Ensemble aansoeke kan enige monoloog kies):

Doreen -

(aan meisie) Ek gaan afvat. Ek voel nie lekker nie. Vat my shift. (Sy sê aan Bruce) Ek gaan net gou my goed haal. Wag vir my buite.

Ek is jammer, Bruce. Rêrig, ek is jammer. Twee jaar is 'n lang tyd, dis dinge wat verby is. Ek het nou 'n ander lewe om vorentoe te vat. (Sy loop weg.) Ek moet hardloop voor ek my bus mis.

(Bruce loop agter haar aan) Het jy werk gekry? Jy moet vir jou werk kry, Bruce. Niemand drop jou nie, dis net...toe jy daar binne gesit het, het ek met 'n ander lewe hier buite aangegaan.

Ek bly saam met 'n ou... Hy werk ook double shifts. Na ure...die works. Ons wil voor die einde van die jaar 'n flat koop. Twee jaar is 'n lang tyd Bruce.

Elna -

Uh...(begin papiere optel) uh...eh...(val oor haar voete sit papiere neer. Sy haal haar skoene van die rak af. Sy trek haar skoene aan, maar sukkel daarmee. Dis die verkeerde voet. Sy lag senuweeagtig. Sy haal goed van die stoele af.)

Sit gerus. Koffie, uhm...ek sit net hier so aan. (Sy kry 'n ketel daar onder 'n boks uit en skakel dit aan). Jy moet maar verskoon dat ek so onbeholpe is. Uh... ek het noutet eers ingetrek en alles is nog deurmekaar. (Sy is so op haar senuwees.) Hulle het my regtig aan die diepkant ingegooi toe mevrou Du Toit hier weg is. (Sy loop tot by hom en hulle kyk vir mekaar.) Ekskuus tog! (Hy staan uit die pad uit. Sy loop verby hom en gaan haal 'n lêer.)

Ek is altyd so deurmekaar as jy naby my is...ek is nie rêrig so nie. Partykeer is ek so koel en kalm soos wat ek altyd gehoop het om te wees. Toe ek 'n klein dogtertjie was het ek altyd na die meisies op die televisie gekyk. Hulle het altyd presies geweet wat om te doen. Nooit 'n spektakel van hulleself gemaak nie. Koffie, nê?

Joy Boy -

(Nog in die tronk)

Hey! Ek check jou myself oor so 'n fortnite in die states. Sien net die guards af en all daai jazz. Moenie dat die goosies té veel moan nie. Sê vir hulle Joy Boy is okay. Ek is een van die dae weer daar. Cheers. Ons moet eyeball daar buite. Ek het die contacts onthou? Min days. Min days...check jou.

(Vrygelaat, sien Bruce vir die eerste keer)

Hey Brucie...Howzit, kyk hoe lyk jy! Wat 'n party vir al die down & outers of hoe sê ek? Lekker charity bisaar. Hel, ek scheme ek sien jou nooit weer nie. *(Hy vat aan sy gesig.)* Dis fate, man, fate. Ons gaan dit maak. Ek het klaar 'n job vir jou. *(Probeer vir Bruce ompraat)* 'n Runner. Dis

al wat jy is 'n runner... Daar's nie risk nie. Daar's niks nie. (*Lag vir hom*) Watse chicken shit is dit met jou, huh? Hey! (*Vat hom aan sy baadjie met beide hande.*) Dis 'n offer of a lifetime dié. Dis cash up front elke keer as jy run. Ons het 'n full-on protection service. Daar is niks om voor bang te wees nie.

Antie Sarie-

Ek voel nog nie lekker nie. Hulle het alweer nie die melk afgelewer nie. Hulle vat die koepons en dan is dit die laaste sien van hierdie blik kantien. Ek sê vir Hans hierdie melkery maak ons nog bankrot. (*Sarie kom by die hekkie in en haal haar bril af, haar oog is blou geslaan.*) Dis nie so erg hierdie keer nie, Stienie. Rêrig, dis die eerste keer in 'n lang tyd. Hans was nie lekker nie. Dis die ding met Doreen, man. Hy vat dit nie maklik nie. Jy weet hoe is Hans. Hy is mos heeltemal anders oor Doreentjie. Nou sit ek op met hierdie lyding en die gout en die swemmende nier ook. Stienie kan jy help met 'n koppietjie? (*Sy hou die koppie uit na Stienie vir melk.*) (*Tissue in die hand, vreeslik hartseer.*) Dis alleen so sonder Lang-Hans en Doreen hier. Hoekom kom hy nie eers huis toe nie. Ek kan nie saans 'n oog toemaak so alleen in daai groot kooi nie.

Dink jy hy het dalk 'n girlfriend êrens dat hy nie huis toe kom nie?

Bruce se broer -

Koffie? Komaan man, kry vir jou koffie. Waiter? Koffie. Ma'le wou graag saam gekom het maar sy het asma. Hulle het vir jou reggemaak op die plaas. Jy kan maar op die plaas gaan bly. Ons gaan Laeveld toe trek. Huur met opsie om te koop. Wat dink jy van my seun? (Hy wys na sy seun wat om-en-by 4 jaar oud is.) Hy is baas van die plaas. Hy is erfgenaam, jy weet? Bruce ons sal enige iets doen om te help, maar moet dit is vir ons ongemaklik maak nie. Dit gaan baie swaar. Jy wil in die stad bly, ons neem jou nie kwalik nie. Ons is familie. Jy moet 'n skoon blaadjie omslaan. Maar Bruce kom net terug plaas toe. Daar kan dalk moeilikheid kom as jy nie terugkom nie. Ek gaan praat tot ek blou is, jy wil nie vir my hoor nie. Hier is 'n paar Rand. As daar moeilikheid is...kom terug plaas toe.

Leana Beyers -

Is Ma van Ma se sinne verlaat? Wat het ma besiel om so iets aan te vang? Bruce Beyers het by Ma gaan inkruip om sy tyd af te wag om moeilikheid te maak en Ma weet dit. Hy gaan nog met Steve ook moeilikheid maak. Hy haat hom. 'n Tronkvoël verander nie, Ma! Dis al die tweede maal wat hy in was. Dis soos 'n siekte. Sulke mense kan nie rehabiliteer nie. Al twee my broers, Ma. Dis hoekom ek weet wat ek sê. En watse boardgeld het hy betaal? Ma het nie boardgeld nodig nie? Ma het meer as genoeg. As ma iets wil hê kan ma vra en ma sal dit kry. Ma mors met kontant. Ma koop vir daai hele straat en ek gaan nie die ganse Jan-bol onderhou nie. Ma kan vergeet daarvan.

Raak eerder ontslae van Bruce Beyers, want sy soort verander nooit. Ma weet wat laas gebeur het, ek was nog nooit in my hele lewe so skaam nie, ek besef Ma, hoort nie hier nie. (Laat sak haar kop in haar hande.)

Antie Stenie (Understudy/Swing) -

So gedog, hulle sit mos net appelkoos jê en strawberry jê op die brood in die tronk. Dinge het so verander vandat jy ingegaan het. Ek sê vir Sarie as jy nie hou wat jy het nie sluit die CMA jou deure vir business voor jy nog Amandla! kan sê. Jy moet negotiate en klaar negotiate. Almal voel vere. Wat kyk jy so? Dit was oor die nuus en TV en alles. Brave new world the lot.

Wat kyk jy so vir die brood? Niks mee verkeerd nie. As jy hier slaap dan moet jy nie aansit nie. Jy ken vir my.

Ek sit vir jou suiker in. Moenie worry nie. Jy kan eet net soveel as wat jy wil. Daar is nog baie kos, vat al die kos in die huis.

NEEM KENNIS, *die ouderdom in die beskrywing is hoe oud hulle LYK en nie noodwendig hoe oud jy moet wees om hom/haar te kan speel nie. As jy 40 is en 29 lyk is jy baie welkom om vir 'n jonger/ouer karakter te oudisie.*